YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Junie 2016

AfriForum Tydskrif



## Nee vir kwotas

**Polisie** prioritiseer plaasmoorde

**AfriForum** pak universiteite oor Afrikaans

**AfriSake** maak gereed vir Onteieningswet

**Kallie Kriel** roskam LUR vir onderwys

**Marcell Coetzee** stort sy hart uit

ISSN 2313-1144

R 15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**Afrikaners** kan oorleef

**Onderwysdissipline**-veldtog



# Sê NEE vir kwotas

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Die tyd het aangebreek om hard en duidelik NEE te sê vir rassekwotas. Rassekwotas vernietig nie net die sportdrome van jong mense uit minderheidsgemeenskappe nie, maar benadeel ook die loopbane van wit én bruin beroepssportlui en werknemers in byna elke werksplek.

Juis om hierdie rede het AfriForum en sy susterorganisasie Solidariteit nou 'n gesamentlike veldtog genaamd "Sê NEE vir kwotas" geloods. Dié veldtog behels onder meer regsaksies in Suid-Afrikaanse howe en klagtes wat by die Verenigde Nasies, die Internasionale Arbeidsorganisasie en internasionale sportliggame ingedien gaan word. 'n Nasionale referendum oor kwotas word ook gehou om openbare steun vir die regsaksie te bewys. Lede van die publiek kan nee vir kwotas stem deur "NEE" na 45343 te SMS of op die webtuiste **www.neevirkwotas.co.za** teen kwotas stem. Lees op bladsy 15 van dié uitgawe meer oor die veldtog. Wat kwotas in sport betref, is die verbod wat Fikile Mbalula, Suid-Afrika se minister van sport, op SA Rugby, Krieket SA, Netbal SA en Atletiek SA geplaas het om aansoek te doen om groot internasionale sportbyeenkomste aan te bied weens 'n gebrek aan "transformasie" nie net strydig met internasionale sportregulasies nie, maar laat ook die vraag ontstaan of wit atlete tweedeklasburgers is.

**DIE SKADE WAT DIE ANC SE TRANSFORMASIE-AGENDA SOWEL WIT AS SWART SPELERS AANDOEN, IS NET TÉ GROOT OM GOEDSMOEDS TE AANVAAR.**

In terme van die ANC se rasse-ideologie is transformasie bloot 'n kodewoord vir "swart" oorheersing oor al wat instelling en terrein is. In terme van dié transformasie-ideologie is enige instelling wat oorwegend wit of bruin mag wees of uit te veel Afrikaners bestaan, onaanvaarbaar en ongeloofwaardig.

Mbalula wil hê dat meer "swart" spelers gekies word. Dié siening is abnormaal en in wese rassisties. Indien dit as normaal beskou word, beteken dit dat dit normaal is dat wit mense, bruin mense en Afrikaners tweederangse burgers in hulle land van geboorte is wat nêrens 'n prominente rol mag speel nie; ook dat wit spelers afgemaak word as iemand wat nie sy land in dieselfde mate as 'n swart speler kan verteenwoordig nie. Dit impliseer 'n permanente onderdanigheid aan die land se demografie.

'n Normale verskynsel is eerder die geval van die VSA se nasionale basketbalspan, wat oorwegend swart is in 'n land waar swart mense 'n minderheidsgroep is, maar steeds die steun van alle landsburgers geniet. Bloot omdat die spelers uit 'n minderheidsgemeenskap afkomstig is, beteken dit nie dat hulle tweederangse burgers is wat nie hulle land in groot getalle mag verteenwoordig nie. Toe Suid-Afrika se nasionale sokkerspan aan die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi deelgeneem het, was geen enkele wit speler in die span ingesluit nie. Tog het die span wye steun vanuit die sogenaamde wit gemeenskap ontvang. Werklike sportliefhebbers wil die beste span sien speel – ongeag die spanlede se ras. Rasse-ideoloë misbruik sport om hulle agenda te bevorder en stel weinig in sportmanskap belang. Ware sportliefhebbers moet dus daarteen waak om die ANC se transformasie in rugby vir lief te neem, selfs al sou dit wees om 'n positiewe gesindheid te wil toon.

Die skade wat die ANC se transformasie-agenda sowel wit as swart spelers aandoen, is net té groot om goedsmoeds te aanvaar. Geen speler verdien om nie gekies te word nie op grond van die biologiese toeval dat hy met 'n wit vel gebore is. Geen mooipraatjies oor die belangrikheid van transformasie regverdig die feit dat die drome van jong, wit spelers weens rasseredes vernietig word nie. Swart spelers wat die span op meriete haal, word daarenteen ook deur transformasie benadeel omdat hulle onverdiend die kwota-etiket om die nek gehang word. Ondersteuners word ook benadeel, want hulle weet nie meer of hulle sport of politiek kyk nie.

Die ANC-styl van die najaag van getalle deur kwotas ontwikkel ook nie nuwe spelers nie. Kwotas word van bo af op spanne afgedwing, terwyl nuwe spelers wat van onder af ontwikkel moet word steeds afwesig is. Indien die regering en sportliggame werklikwaar 'n verskil wil maak, behoort hulle eerder 'n verskerpte fokus op ontwikkelingsprogramme te begin plaas. Dit is ware, eerbare en geloofwaardige vordering. Enigiets anders is bloot 'n kunsmatige pleister.

Uiteindelik is die kwotastelsel die duidelikste bewys nóg dat die regering sy plig versuim het om sport in Suid-Afrika te ontwikkel. Ware, geloofwaardige en betekenisvolle vordering behels meer as een of twee fotosessies waar 'n paar uitgesoekte joernaliste foto's neem van rugbyspelers wat rugbyballe en T-hemde aan kinders uitdeel. Dit behels eerder dat die regering die 80% van die land se skole wat disfunksioneel is, moet regruk. Nie net akademie ly onder swak onderwys nie, maar daar is ook geen sprake van sportontwikkeling in dié skole nie. Die liefde vir sport van die meeste toppresteerders is deur toegewyde onderwysers in voormalige Model C-skole gekweek. Dit kan nie verander word deur oor die rassesamestelling van sportspanne te kla nie. Sommige kan aanvoer dat sport in SA nou móét transformeer om te verhoed dat Mbalula die sport verder straf. Die argument is amper soos om aan te voer dat jy selfmoord pleeg om te verhoed dat jy vermoor word. Feit van die saak is dat die weglating van 'n speler op grond van sy wit vel rééds die span verswak het. Dié soort onreg kan nie verhoed word deur transformasie nou te omarm nie.

AfriForum beywer hom vir die normalisering van sport, want dit is normaal om die beste span ongeag ras en sonder politieke inmenging te kies. So nie, gaan rugby en ander sportsoorte aanhou agteruitgaan totdat ons uiteindelik glad nie meer internasionaal kompeterend kan wees nie. Die tekens is daar dat dit reeds aan die gebeur is.

Hoe polities verkeerd dit ook al binne die huidige politieke diskoers mag klink, is dit nou die tyd om nee te sê vir rassekwotas in sowel die sport- as die werksplek.